



## Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap

Geskryf deur Johannes Nortier

10 Februarie 2022

### Gedagte vir die week:

Woorde wek, voorbeelde trek.

### Vertretpunt:

Handelinge 2:12-36

### Meditasie uit die Woord:

En toe doen Petrus wat 'n mens dalk nie moet doen nie. Hy probeer verduidelik wat eintlik onverduidelikbaar is. Sekere dinge moet 'n mens maar net sien, hoor, ervaar en jouself daaraan verwonder. Laat my sommer dink aan Lukas 2:19, "Maria het alles wat gesê is, onthou en telkens weer by haarself daarvoor nagedink". Petrus probeer met woorde en tekste wat aan sy hoorders bekend was, alles in perspektief stel. Hy verdedig homself en ander verduidelikend teen die aanklag dat hulle dronk is. Ek weet nie hoe suksesvol hy was nie. Daar het wel 'n klomp mense tot bekering gekom op daardie dag, maar ek sou nie weet of dit agv Petrus se woorde of ten spyte van Petrus se woorde was nie. My vermoede is dat dit meer agv die Goddelike en verrassende gebeure van Pinksterdag was. Deur die eeue heen sou die kerk leer dat ons nie die wêreld en hulle ongelooftig kan oortuig met slim woorde van groot kennis nie. Die kerk sou leer dat hulle woorde nie die krag het wat hulle bloed het nie. Die kerk sou leer dat hoe ons saam met Jesus kruisdra, mense sal oortuig. Die kerk sou leer dat waar ons voete loop en waar ons hande help, in stilte en sonder woorde, mense vanuit verwondering daarvoor tot oortuiging kom. Mense word meer oortuig deur wat hulle sien as deur wat hulle hoor. Dit het baie verreikende gevolge vir raserige kerkgenootskappe en kerkbyeenkomste. lewers het ek mos ook gelees dat God in die stilte was/is. Iemand sê: "If you can improve on the silence, only then you may speak". Ons is op 'n reis saam met die vroeë kerk en ons leer saam met hulle ... en sommer in die naam van hulle geskiedenis hoor ons dit: HANDELINGE in afrikaans en ACTS in engels. Die naam van hulle geskiedenis is nie WOORDE in afrikaans of WORDS in engels nie. Ek sou dink dit is veelseggend.

### Reisgesprek en Youtube-skakel:

Op Sondagoggend 13 Februarie 2022 om 09:30 hou ons 'n reisgesprek in die kerkgebou. Jy kan aan die digitale weergawe daarvan deelneem by <https://youtu.be/M5v2P6Mawso>

### Meditasie uit die Lewe:

By die begrafnis van Daan Rossouw het ek hierdie week 'n paar baie mooi dinge gehoor in die huldeblyke van sy geliefdes. Ek deel dit graag met julle.

**Wanneer ek aan Daan dink, dan dink ek hoe oop hy was vir die passie van die lewe. Sy kinderlike geloof is geopenbaar in sy gunstelinglied: Ek wat vergifnis Heer ontvang het, sing dankbaar my verlossingslied. As daar meer mense soos jy was in die wêreld sou dit 'n baie mooier plek gewees het. Sout van die aarde wat só soet smaak is die skaarsste in vandag se tyd. Ek treur nie vandag nie, ek vier jou mooi lewe! My pa het geglo die half leë glas kan weer volgemaak word! Hy het vreugde gevind in al sy ervarings ... van port en kaas na ete tot "groot" oomblikke. Ek glo dat sy lewe hier van oomblik tot oomblik 'n simfonie vir die sintuie was. Gretig om die wêreld en sy mense te verken en altyd gesê: "Kom ons kuier nog 'n bietjie". Sy rus was oomblik vir oomblik net daar waar hy die lewe vir homself en ander lekker gemaak het. Ook daar was/is die rus waar Daan was/ is.**

Ons kan uit elke mens se lewe leer en elkeen van ons is elke dag besig om ander mense iets te leer.

### Aantekeninge:

1. 'n Mens hoef nie altyd met almal en alles saam te stem nie. Ek nooi jou om saam met my die gawe van nederige en respekvolle gesprek te ontdek.
2. As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na [ngkagterpaarl@telkomsa.net](mailto:ngkagterpaarl@telkomsa.net) of [nortierjohannes6@gmail.com](mailto:nortierjohannes6@gmail.com)

